# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332
**Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers
**Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 24 Julie 2022

**09:30 OGGENDEREDIENS:**
**Ds. Piet Venter**

Hebreërsreeks Preek 15

Ons hervat vandag ons reeks en kom aan die einde van die preek waarin die skrywer sy gehoor aanmoedig om te volhard in die geloof. Hy rig ‘n laaste ernstige vermaning (Heb 12) en moedig die lesers aan om die genade wat hulle van God ontvang het, toe te pas in hulle daaglikse lewe (Heb 13).

Onthou julle nog die drie hoofdele van die boek?

1. Heb 1:1 - 4:13 Luister na God wat praat deur sy Seun!
2. Heb 4:14 -10:18 Weet dat Christus ons Hoëpriester is!
3. Heb 10:19 -13:25 Volhard in die geloof!

In sy laaste ernstige vermaning gryp die skrywer terug na hoofpunt 1: Luister na God wat praat deur sy Seun! Ons het nou al geleer dat die skrywer heeltyd die Ou Testament (ou verbond) vergelyk met dit wat Christus vir ons kom doen het.
Hy het heeltyd wou beklemtoon dat Christus die volkmaakte en enigste Verlosser is.

In hierdie hoofstuk gaan die skrywer egter verder! Hy vergelyk nou Sinai (die ou verbond) met Sion (die nuwe Jerusalem) - met die hemelse vooruitsig van dit wat nog op ons wag! Dit is asof hy sy lesers tussen twee uiterstes plaas om die erns van sy oproep te beklemtoon!

Ons het nie nou te doen met die ou verbond, Sinaï, nie, ook nie net met dit wat Christus vir ons op aarde kom doen nie, nee, ons word gestel voor die hemel self! Voor God op sy troon in Sion - die nuwe Jerusalem! Daar was vlamme en vuur by Sinaï en God in die hemel is steeds ‘n verterende vuur!

Daarom die ernstig oproep: Luister na God! Moet Hom nie afwys, ignoreer of verskonings uitdink waarom jy nie hoef te doen wat Hy

beveel nie! Dit kan baie gevaarlik wees. Nee, luister en dien Hom soos Hy wil!

**Tema: Luister wanneer God praat en dien Hom met eerbied en dankbaarheid!**

**Lofsang ter voorbereiding van die erediens**
Lied 159: 1, 3 en Lied 169: 1, 2, 3;

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Ps 99 - 1: 1, 2; Votum; Seën; Loflied Ps 97 - 2: 1, 2, 4, 5; Geloofsbelydenis: 12 Artikels - almal hardop saam;

**Ons verootmoedig ons voor God**
Wet: Lees Eksodus 19: 1 tot 20 : 2 asook Eks. 20 : 18 - 21; Sing Sb 9 - 1: 1, 2, 10, 11; Gebed;

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Heb 1: 1 en Heb. 12: 14 - 29
Teksverse: Heb. 12: 25, 28 - 29
Sing Sb 15 - 5: 1, 4, 7; Woordverkondiging;

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Liefdegawe; Sing Ps 95 - 2: 1, 3, 4; Seën; Amenlied: Sb 13-1.

## GROEPBEDIENING

Ons vertrou dat al ons kleingroepe weer na die winterreses bymekaar sal kom op hulle gegewe tye en plekke. Indien daar lidmate is wat tans nie in 'n aktiewe kleingroep is nie en daarvan deel sou word, moet hulle asb met ds Piet kontak maak.

Die tekort aan 12 ouderlinge in die gemeente beklemtoon die belangrike rol wat ons kleingroepe speel in die bediening van lidmate.

Baie dankie aan al ons groepleiers wat hier leiding neem. Dankie aan Carina Coetsee wat leier was in Groep 27 en nou die leisels aan iemand anders wil oorgee. Ons vertrou dat ander lidmate in die groep na vore sal tree.

## Augustus 2022



**Ons kniel as gemeente saam voor die Here:**

*Jak. 1:5 "As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan Hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt"*

**Ons as gemeente wil dankie sê en saam bid vir -**

- Baie dankie vir 'n normale skoolvakansie wat ons kinders, studente en ouers weer kon beleef!
- Dankie vir 'n nuwe skoolkwartaal en ons bid saam vir elke kind, kategeet en ouer vir saamleer uit die Woord van God.
- Baie dankie dat ons as gemeente mag uitsien na die Kinderfees wat beplan word.
- Mag die beplanning alleen wees tot God se eer en die uitbreiding van Sy koninkryk!
- Ons bid saam vir die beplanning en uitvoer van die Kinderfees!
- Here, voorsien in al die middele wat nodig sal wees, vrywilligers asook genoeg fondse daarvoor!

- Dankie Here vir die liggaam van Jesus Christus waarvan ek mag deel wees!
- Dankie vir di. Piet, Pieter, Daan en al die ouderlinge, diakens en kleingroepleiers! Versterk elkeen deur U Heilige Gees om die waarheid te bly verkondig!
- Ons bid vir elkeen wat beproef word deur intense siekte, swaarkry, eensaamheid, werkloosheid en dalk moedeloosheid! Kom ons help mekaar waar daar hulp, ondersteuning en liefde nodig is!!

**“Maar ons dank God dat Hy aan ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus” 1 Kor 15:57**

------------------------------------------------------------

*As U wil deel word van die gebedsgroep kontak asb. vir my? (Elsie - 072 449 1982).*

## MEELEWING

- Harmen Wijnberg was in die hospitaal opgeneem vir behandeling en het ‘n operasie ondergaan om ‘n semi-permanente dialisepoort in te sit. Hy moet vir die volgende tydperk gereelde dialisebehandeling ondergaan.
- Lynette van der Walt het Woensdag ‘n suksesvolle lensinplantingoperasie ondergaan.
- Johan Faasen is Woensdag in Medikliniek opgeneem vir behandeling nadat hy baie verswak het.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage en Bettie Niemand.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Tee, koffie en kuier
Kleuterbediening
Katkisasie Les 13
Groepbediening

**Maandag**
Kuratore vergadering
Geen Bedieningsdiensgroep

**Dinsdag**
06:00 Manne-ondersteuningsgroep
Kuratore vergadering
Geen “Griefshare” - ds Piet
Geen Katikisasie Gr 8
Geen Katkisasie Gr 11
18:00 Groepsusters

**Woensdag**
17:15 Katkisasie Gr 9
18:00 Katkisasie Gr 10

**Donderdag**
17:15 “Griefshare”- Carina
18:30 Bybelstudie: Klipdrif

**Saterdag**
EVT jaarvergadering in Centurion

## AFKONDIGINGS

- Beide liefdegawes vandag vir ons eie Diakonie (Groot boks - Zapper betaal-metode beskikbaar en klein boks).
- Gawes volgende Sondag by die deure vir die Emeritusfonds.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 8 en 9.

## VERJAARSDAE



Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 24 Julie**
Br Dirkie Bloem (jnr)
Sr Charlene Sharpley

**Maandag, 25 Julie**
Sr Anelle Venter

**Dinsdag, 26 Julie**
Jbr Corniel Coetzer
Br Hendrik vd Walt
Br Dawie v Zyl
Br Jaco Venter

**Woensdag, 27 Julie**
Jsr Lindsey de Kock
Br Gert Kruger
Sr Jurie Quass

**Donderdag, 28 Julie**
Br Paul du Plessis *
Jsr Tiarie Joubert
Jsr Arianna v Deventer

**Vrydag, 29 Julie**
Sr Anette de Villiers

**Saterdag, 30 Julie**
Jsr Lanelle Haasbroek
Jsr Lenè v Niekerk

* Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## GKSA-NUUS

**Doodsberig**

Dr Petrus Krüger, emerituspredikant van GK Kuruman, is op 18 Julie 2022 oorlede. In lewe was dr Krüger die predikant van GK Koperstreek 1962-1965, GK Zastron 1965-1968, GK Uitenhage 1968-1982 en GK Kuruman 1982-2001.
Sy begrafnis vind Dinsdag hier uit ons kerkgebou plaas.

**Bevestiging**

Die bevestiging van ds HM (Herman) Stavast van GK Wierdapark vind op Sondag, 24 Julie 2022 plaas. Die bevestiging word deur ds GS (Gerrit) Kruger van GK Centurion hanteer.

**KURSUS IN EVANGELISERINGS-PRAKTYK**

Aanbieder : prof. Henk Stoker van die Teologiese Skool Potchefstroom.
Plek: Kerksaal GK Potchefstroom
Tyd: 18:00 - 19:00

Datums:
Dinsdag 2 Augustus - Inligtingsvrae
Dinsdag 16 Augustus – Leidende vrae
Dinsdag 23 Augustus - Struikelblokke
Dinsdag 30 Augustus - Dissipelmaking
Dinsdag 6 September – Skepper – Gesprekke met ateïste

Dinsdag 13 September – Verlosser – Gesprekke met kultes
Dinsdag 20 September - Middelaar – Gesprekke met kultes
Dinsdag 27 September – Sondaar – Gesprekke met Charismate

Alle lidmate is welkom. Laat weet asseblief vir Adele by ons kerkkantoor voor of op Maandag 1 Augustus, indien u die kursus wil bywoon.

**KENNISGEWINGBORD**

- GK Kameeldrif Damesoggend
- Uitnodiging na vrouedag: NG Die Bult

---

**ALGEMENE INLIGTING**

**LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)**

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

**KONTAKBESONDERHEDE**

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

---

**BANKBESONDERHEDE**

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 335 138

Diakonie
ABSA Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 335 138

Susters
Capitec Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470 010

---



# SUSTERS

PS. 119:105 " U WOORD IS DIE LAMP WAT MY DIE WEG WYS, DIE LIG OP MY PAD."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens. Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:

Sonette Turkstra en groep 5, Estelle v Hamburg en groep 13, Rolene vd Walt en groep 23, asook Engela vd Walt en groep 31.

## BLIKKIES-WARMHARTE



Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

## SUSTERSBYDRAE



Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.


Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## KWARTAALPROGRAM

| DATUM | DAG | TYD | WIE | WAT |
|---|---|---|---|---|
| **Jul-Aug** | **-** | **-** | **Almal** | **Kansaprojek** |
| **26 Jul** | **Dinsdag** | **18:00** | **Groepsusters** | **Groepsustersvergadering** |
| 27 Aug | Saterdag | 09:30 | Blok A | Sustersamekoms |
| 11 Sept | Sondag | 19:00 | Blok D | Ouderlingverversings |
| 18 Sept | Sondag | 12:00 | Blok C | Nagmaalete |
| 3-7 Okt | Ma – Vry | 11:00 | Almal | Kinderfees |

## BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!





**KONING SALOMO IS TE SLIM**

***Van ons paleisverteenwoordiger***



JERUSALEM. – Twee prostitute het regters hier laat kopkrap toe die een die ander van kinderdiefstal beskuldig het. Uiteindelik moes die koning self ’n uitspraak gee.

Dié twee, wat saam in ’n huis woon, het albei pasgebore babaseuntjies gehad. Die aangeklaagde se baba het egter volgens die klaagster laasnag in die bed versmoor. Na bewering het sy toe stilletjies haar dooie seuntjie met dié van die klaagster omgeruil.

Volgens die klaagster het sy vanoggend met ’n skok ontdek dat haar seuntjie dood is, net om daarna te sien dat dit haar “vriendin” se seuntjie is wat in haar bed lê. Haar eie springlewendige seuntjie was toe by die ander vrou in die bed. Sy ontken dié aanklag ten sterkste en sê die hele storie is ’n versinsel. Ten einde raad het die regter, na raadpleging van sy kollegas, die saak na die koning verwys.

Die jong koning Salomo het op onortodokse wyse met ’n briljante uitspraak vorendag gekom. Nadat hy albei prostitute aangehoor het, het hy beveel dat ’n swaard na hom gebring moet word. Toe gee hy hierdie ongewone bevel: “Sny die kind wat lewe in twee stukke en gee vir elkeen van hulle ’n helfte!”

’n Geskokte stilte het in die troonkamer geheers totdat die een vrou voor die koning se voete geval en begin pleit het: “Asseblief, U Majesteit, gee die seuntjie wat lewe vir haar, moet hom tog net nie doodmaak nie!” Die ander vrou was egter doodtevrede met die koning se beslissing, en het gesnou: “As ek hom nie kry nie, kry jy hom ook nie. Sny hom deur!” Te laat het sy besef dat sy hiermee haarself weggegee het.

Koning Salomo het opdrag gegee dat die seuntjie aan sy ma terugbesorg moet word. ’n Saak van kinderdiefstal en dwarsboming van die gereg word nou ondersoek.

Lees hiervan in 1 Kon. 3:16-28.
Brond: Die Bybelkoerant